



GENERALE MISSIE

*Nuusbrief van die Stigting VOC 5/14
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*
Internet: <http://www-voc-kaap.org> **E-pos:** vocinfo@voc.org **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: r.dcb@icloud.com. **Lidmaatskap /Membership:** me. S. Gelderblom: tel. 083-261-7008. e-pos: sgelderblom@mweb.co.za. **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691 'Stigting VOC Foundation.'

Welaen Vrunden!

Ledesake: Ons wens lid Leo Knottenbelt, wat na veertien jaar na Nederland terugkeer, ons beste wense toe, en bedank hom vir sy entoesiastiese meelewing.

Ons Lede-sekretaris: Die jaar 2014 was goed vir ons, tot aan die einde. Ons nuwe, permanente lede-sekretaris is lid Saretta Gelderblom, wat ook die vakature op ons Uitvoerende Komitee sal vul. Nou is ons op volle sterkte, en gereed vir 2015.

Veels geluk! Voorsitter Leon Hattingh is in Oktober deur Erfenis SA, die gewese Stigting Simon van der Stel, vir sy jarelange diens op die gebied van Kulturbewaring met hul Sertifikaat van Meriete vereer. Die Stigting het waardering vir sy bewese leiding en toewyding (saam met geduld en 'n goeie humorsin), en wens hom graag geluk met die welverdiende onderskeiding. Leon en Barbara het vir die seremonie Richmond toe gereis, waar Erfenis SA sy algemene jaarvergadering gehou het. Op die foto verskyn hy saam met sy seun Johan, wat ook die funksie bygewoon het.



Foto: deur Leon verskaf.

Kasteel 350

Op Vrydag, 25 September 1665 het omtrent 100 VOC-manskappe begin om die bosse op die plek wat vir die bou van Kasteel de Goede Hoop aangewys is, uit te kap en 'n deel daarvan skoon te maak. Daarna is slote vir die fundamente gegrawe. (Kyk: A.J. Böeseken (red.): *Dagregister en Briewe van Zacharias Wagenaer*, pp. 222, 225.) Om die eerste werk aan die terrein te herdenk, het mnr Gilfillen, HUB van die Kasteel, onderneem om met Iziko Museums en die Militêre Museum se hulp 'n VOC-uitstalling aan te bied, wat op 25 September 2015 geopen sal word. Natuurlik gee ons alle moontlike hulp.

Kasteel de Goede Hoop se eerste vier fondamentstene is op 2 Januarie 1666 onder bastion Leerdam gelê, en om dié geleentheid te herdenk het ons Stigting by die Minister van Poswese (Filateliediens) aansoek gedoen om in 2016 'n spesiale posseël of seëls uit te reik. Mnr Gilfillen het die Minister van Verdediging oorreed om die aansoek aan sy kollega van Poswese oor te dra. Hou duime vas. Ek vermoed uit die *Dagregister* dat bogenoemde stene nie spesiaal-gegraveerde hoekstene was nie. Maar dalk wás hulle. (*Ibid.*, pp.237-238.)

Lesing en uitstappies: Ons het die vierde kwartaal met 'n gevarieerde program, vir verskillende smake en vertakkings van VOC-bewaring, afgesluit. Op 25 Oktober het Helen Robinson ons oor haar boek oor die historiese plase van die Constantia-vallei toegesprek. Op 8 November het ons die Muysenburg Poshuis Museum besoek, maar die bywoning was teleurstellend. Op 23 November sou prof. B. Neethling ons oor geografiese plekname toesprek. Daar was 'n goeie opkoms, maar die spreker was weens 'n misverstand afwesig. Ons het toe 'n spontane Vraag- en- Antwoord sessie gehou, wat werklik interessant was en algemeen geniet is. Daar is dadelik voorgestel dat ons dit meermale doen. 'n Goeie plan. Stuur u navrae oor enige VOC-onderwerp aan my, sodat ons kenners kan vra om antwoorde (ook met illustrasies) daarop voor te berei, en wanneer ons genoeg vrae het vir 'n oggendsessie, dan doen ons dit weer.

Uit die Argief: Die Moordkuil

D. Sleigh

Drie of vier kilometers suid van die plaas *Halfmanshof* in die Vierentwintigriviere-streek, was daar in Junie 1673 'n massamoord op vryburgers wat die 20-jarige Kaapse nedersetting geskud het.(1) Daar was skielik so veel weduwees en wese om te versorg dat die Kompanjie 'n Weeskamer met 'n eie betuursraad en klerke moes stig om na hulle belange om te sien. Die Weeskamer se 340-jarige skatkis van hout, met yster beslaan en met geelkoper versier, is nog in die Slawelosie Museum (hoop ek), en die Weeskamer se duisende dokumente vind ons in die MOOC-reeks (*Master of the Orphan Chamber*) in die Argief. Wonderlike dinge vind jy daar om te lees.

Ons lees van die weduwee Tielemans met 1 kind nagelaat, die weduwee Wynands met 4 kinders, die weduwee Gijsberts met 1 kind, die weduwee Steens met 2 kinders, en die weduwee Klein Claas met 1 kind. Van die min kinders per gesin kan miskien afgelei word dat al die egpare jonk was. Die vermoorde mans se geboortedatums en plek van herkoms kan op hul 'rekenings' (diensrekords) vasgestel word.

Die geweldadige gebeure by die Moordkuil in die winter van 1673 het ongeveer so verloop: Die regering het aan boere wat daarom aansoek doen lisensies uitgereik om vir 'n bepaalde tyd te gaan jag. Van dié lisensies vind ons in die *Wildschut Boeken* in die Argief, in die RLR (*Receiver of Land Revenue*)-reeks, maar daar was ook burgers wat

onwettig gejag het. Daar was geen poging van die regering of die jagters om tot 'n ooreenkoms met die inboorlinge in wie se gebied gejag is, te kom nie. In die Bergrivier (vandag die omgewing van Wellington, Voëlvlei, Hermon en verder af in die rivier) was seekoeie, ryk aan spek en vleis. Welgestelde Kaapse burgers het in die winters jagters geborg deur waens, trekvee, trekgoed en proviand te voorsien, in ruil vir 'n paar vate spek. Die jagters was 'n paar weke lank in die veld en moes terugkom wanneer hulle lisensies verstryk.

Die rivier waar die seekoeie voorgekom het, was in hoofman Ngonnemoa van die Noord-Cochoqua se weigebied. Die seekoeie was die voedsel van die Sonkwa (Bossiesmans), wat as verkenners, jagters en vegters vir hom gewerk het. Ngonnemoa het die Europese jagters ernstig gewaarsku om uit sy gebied te vertrek. Die jagters het by die Kasteel daarvoor gekla.

By 'n volgende geleentheid, op 26 Junie 1673 het Koina uit Ngonnemoa se stam aan boere vertel dat Ngonnemoa 'n groep van agt vryburgers met twee waens en tien osse omsingel het, om hulle tot die dood toe uit te hongers. Die Politieke Raad was van mening dat dit vals klink. Op 4 Julie het gerugte van 'n 'ongeluk' insake die agt burgers in die Kaap rond gegaan. Die Raad het opgemerk dat hul lisensietyd amper verby was. Twee burgers wat in die ekspedisie belê het ('borge'), het op 8 Julie toestemming gevra om by die inboorlinge wat die nuus gebring het, na die waarheid te gaan vra. Hulle was op die 10de terug met die nuus: die '*Gonnema's hottentotten*' sê dat dit waar is.

Die Raad besluit op 11 Julie om die burgers te ontset, indien nodig. Vaandrig Croese het teen die aand met 36 soldate en nog 36 burgers vertrek, toegerus vir oorlog. Op 14 Julie het die Saldanhavaarders se sloep *Bruijd* 'n jong soldaat Kaap toe gebring, die enigste oorlewende van buitepos Saldanha Baaij se posvolk. Twee posvolk en twee burgers is daar vermoor en die poshuis geplunder. Die Raad het nog 11 soldate en 7 burgers agter Croese aan gestuur. 'n Aanval op die buitepos Hottentots-Holland is gevrees; die pos is versterk en al die vee daarvan verwyder.(2)

Die moorde en Croese se ekspedisie was elemente van die sogenaamde Tweede Koina-oorlog. Croese was op 26 Julie terug by die Kasteel met 'n groot klomp gebuite vee. Daar is geen inligting dat die agt lyke herwin, uitgeken en begrawe is nie. (3)

Die name van al agt vermoorde burgers verskyn nêrens in 'n enkele dokument nie, maar uit verskillende bronne kom stukkies inligting tevoorskyn. Die weduwee Tielemans was Maijke van den Bergh, getroud met Tielman Hendriksz. Wed. Wijnands was Jannetje Gerritsz, getroud met Wynand Bezuidenhout. Wed. Gijsberts was Catharina ('*Trijn de Boerin*') Ganzenvanger, getroud met Gijsbert Verwey. Wed. Steens was Jannetje Slegts, getroud met Jan Steens (sy hertrou in 1677 met Claas Hendriksz). Wed. Klein Claas was Aachje Rijx, getroud met Claas Jacobsz van Meldorf.(4)

Tieleman Hendriksz, Wynand Bezuidenhout, Gijsbert Verwey, Jan Steens en Claas Jacobsz. Dit is net vyf van die agt vermoorde burgers. Wie was die ander drie? Daar is name soos Barend Gildenhuizen, Frans Chanfelaar en Pieter de Noorman wat destyds skielik uit die rekord verdwyn het en vandag soos spoke om herkenning kla. Chanfelaar se weduwee, Tryn Ustinghs hertrou in Oktober 1673, en in 1685 vertel sy aan Hoë Kommissaris van Reede dat haar eerste man (Hans Ras) deur 'n leeu gedood is, haar tweede (beslis Frans Chanfelaar) deur 'Hottentotten', haar derde deur 'n olifant, ens. 'n Direkte bewys om Chanfelaar aan die Moordkuil-gebeure te koppel, ontbreek.

Dan is daar Pieter de Noorman. Pieter Cornelisz, bygenaamd 'de Noorman' was van Langesund in Noorweë, en was in 1659 vry visser aan die Kaap. In 1664 word hy as soldaat weer in diens geneem en op Robbeneiland gebruik, om te belet dat hy hom daaglik drank en sy vrou aanrand. Daarna vind ons hom as banneling op die buitepos Mauritius. Ná Willem van Deventer ('de Lierman') op Mauritius dood is, woon sy vrou by De Noorman. Waar was De Noorman in 1673? (5)

Daar is ander vrae oor die Moordkuil. Hoe het die ligging van die plek bekend geword, en hoe is dit onthou?

[NB: Help asseblief, enigeen! Hoe raak ek ontslae van dié lelike dik, swart lyne?]

(1) A.J.Böeseke (red.): *Resolusies van die Politieke Raad*, deel II, p.116, 298.

(2) VC 6 Daghregister, 29 Junie 1673; *Ibid.*, 4,8,10 Julie 1673.

(3) *Ibid.*, 26 Julie 1673.

(4) A.J.Böeseke (red.): *Resolusies van die Politieke Raad*, deel II, 7.6.1679, p.298.

A.J. Böeseke (red.): *Daghregister van Zacharias Wagenaar*, 6.3.1664, p.135.


(5) Oor Willem van Deventer se vreemde lotgevalle, kyk J.L.M. Franken: 'Willem Willemsz van Deventer' in *Standpunte*, nr.14, 1956, pp. 33-34.]

Gantouw Pas

Stigting VOC sal voortaan die bewaringsgroep Helderberg Renaissance se inisiatief, om jaarliks op Erfenisdag (24 September) die VOC-seinkanon op die Gantouw Pas af te vuur, as 'n projek onder ons vlerk neem. Helderberg Renaissance reël self die dagprogram.

Vergelegen. Ek wil hier graag 'n waarneming herhaal wat ek in die vorige *Generale Missive* genoem het: Dit lyk of 'n reguit, denkbeeldige oos-wes lyn van die Kasteel in Kaapstad af oor die Vlakte loop, by *Vergelegen* se voordeur in, by die agterdeur uit, deur die poort in die plaasmuur en reguit na die 'v' van die Gantouw Pas, hoog bo in die Hottentots-Hollandberg. Watter nut of voordeel sou so-iets hê? Toe Simon van der Stel daardie buitepos uitgelê het, het hy geskryf dat dit volgens '*de regels der wist- en bouwkunst*' geskied. Dit laat my aan Stonehenge dink. Sou W.A. van der Stel in 'n sonkompas belang gestel het, om die ekwinoks of dalk die verandering van die seisoene aan te dui? Dit is 'n gedagte wat maklik getoets kan word. Ons het 'n medewerker op Somerset-Wes nodig.

Ganze Craal



Op 31 Oktober het ons aan 'n groot gehoor 'n geïllustreerde lesing oor die buitepos Ganze Craal aangebied. Dieselfde namiddag het belangstellendes (o. a. vise-voorsitter Helena en ek) dié gewese VOC-buitepos in die Slagtersveld, wat in 1791 aan die Van Reenen-broers verkoop is, besoek. Jy sien daar nog die buitelyn van 'n ommuurde agtiende eeuse plaaswerf, en die woonhuis en buitegeboue staan nog, maar dit is uitwendig en inwendig verwoes. Die brandsolders van papkuil en die mure wys tekens van brand. Oral op die vloere lê diep dieremis. Die fontein wat die dam en groot groentetuine gevoed het, is in 'n gemesselde boorgat verander. Buite in die gras lê 'n halwe meulsteen. Die hoederneste en duiweneste, slim en kunstig van droë klip gepak, is 'n jammerlike herinnering aan hoe die plaas vroeër gelyk het. Daar is belangstelling by die provinsiale regering om dit ten minste gedeeltelik te herstel en o.a. vir sosiale opheffing te gebruik.
(Foto's: H. Scheffler.)

Bekendstelling: Weskus Biodiversiteit Korridor. Op 28 November het Weskus Toerisme die gedagte aan 'n Weskus Biodiversiteit Korridor op die plaas Grootwater in die Slagtersveld bekend gestel. Die droom is van 'n aaneenlopende bewaringsgebied met wilde diere, van SANParke Langebaan in die noorde af tot Ganze Kraal in die suide. Dit is 'n inisiatief van die grondeienaars, wat SANparke en Weskus Toerisme se samewerking bekom het. Minister A. Winde van die Provinsie Wes-Kaap was die gasspreker, daar was dosyne mense wat by toerisme betrokke is en 'n amptenaar van die VVO, wat 'n groot som geld belooft het.

Binne hierdie Korridor lê gewese VOC-buiteposte soos Dasseneiland, Saldanha Baaij I en II, Groene Cloof en Ganze Craal, benewens die uitgestrekte Slagtersveld. Omdat Kultuurtoerisme een van ons Stigting se drie oogmerke is, het vise-voorsitter Helena en ek die geleentheid bygewoon om ons Stigting aan die organiseerders en deelnemers bekend te stel. *westcoastway*, die firma wat Weskus Toerisme se reklame behartig, het ons Stigting 'n gratis advertensie op hul webwerf (*westcoastway.co.za*) aangebied, in ruil vir VOC-geskiedenis om in hul werk te gebruik. Maklik. En wonderlike verversings was daar ook.

Bewaringsprojekte:

***Naamsverandering Rockview Dam.** Die projek vorder goed en is nou in die hande van regeringamptenare - 'n kritieke fase, een waar ons net alle duime kan vashou en wag.

***Van Riebeeck-heining.** Ons probeer al agt jaar lank om die mitiese heining gedeproklameer te kry. Vreemde burokratiese verdragings gebeur gedurig. Erfenis Wes-Kaap het onlangs die hoeveelste amptenaar aangewys om die lêer te behartig. Hulle het nog nie tevore 'n gedenkwaardigheid gedeproklameer nie, en daar moes eers prosedures geskep word. Weereens word ek gevra om die aansoek te motiveer. Wat beteken dit? Dat daar nie rekord gehou is van die lang korrespondensie tussen ons Stigting en Erfenis Wes-Kaap nie? Of dat gedrukte korrespondensie nie tot die bestaande lêer toegevoeg is nie en dat toekomstige navorsers nie dokumente van ons betoog gaan sien nie? Die huidige personeellid, me. J. Lavyns, is beslis die beste waarmee ek in die tyd te doen gekry het.

***VOC-pakhuis, by die ou Lutherse kerk.** Die eienaars en ontwikkelaars het die Stadsraad met nuwe voorstelle vir moderne toevoegings tot die ou struktuur (c.1760) genader. Na bespreking van die voorstelle het die Uitvoerende Komitee besluit om daarteen te protesteer.

***Streekname.** Ons het die projek vir die bewaring van streekname as 'n eerste stap aan die Bestuurder van Weskus Toerisme voorgelê. Die doel is om ou geografiese streekname (bv. Groene Cloof, Swartland, Bottelary, ens.) uit die VOC-tyd van verdwyning te red, noudat kommunikasie so vinnig en die wêreld so klein geword het dat streekname nie meer nodig is nie en administratiewe nuutskeppings soos 'Weskus,' 'Eden' en 'Overstrand' amper ons hele gebied dek. Ons het 'n plan uitgewerk om die name in die openbare oog en gedagte te hou, en as Weskus Toerisme dit aanvaar, sal ander distriksrade hopelik volg.

***SANPARK Weskus Inligtingsborde:** Hierdie projek is nou afgehandel. Voorsitter Leon, vise-voorsitter Helena en ek het op 24 Oktober die bekendstelling van die nuwe inligtingsborde by SANParke se hoofkantoor op Langebaan bygewoon. Helena het in haar toespraak die organiseerders bedank vir die geleentheid om aan die projek deel te neem en oor natuurbewaring in die VOC-tyd gepraat. Ons het drie groot panele met VOC- en Koina-geskiedenis uit die twaalf bygedra, in samewerking met die Vriende van SANParke, wat die ander ontwerp en die projek befonds het. Die panele is te sien in die hut bo-op die Seeberg-uitkykpunt. Ons panele dra ons logo onder in die hoek. Die Vriende het 'n CD (in beide PDF en Coreldraw formaat) waarop ons drie inligtingsborde volledig verskyn, aan ons geskenk (dit is op ons webwerf te sien) en het onderneem om aanstaande jaar met die bewaring van die VOC-baken op Geelbeksfontein te help. Op die foto verskyn Helena saam met mev. E. le Roux (projekbestuurder) en mnr E. le Roux (grafiese ontwerp.) Op die ander bekyk besoekers een van ons plakkate. Ons logo is regs onder.



Foto: L van Aswegen (SANParke)



Foto: Jean Sleigh


Rijksmuseum-uitstalling.

Die Rijksmuseum Amsterdam bied oor twee jaar 'n groot Nederlands-SA uitstalling aan, wat oor verskeie ruimtes strek. Twee amptenare van die museum het S.A. vir die doel besoek. By 'n klein vergadering in die Kasteel met die hoofde van Iziko, die Kasteel en o.a. ons is gedagtes gewissel oor die beskikbaarheid van oorspronklike VOC artefakte.

Nuwe boeke. G.J. Schutte: *Op de zolders van de Keizersgracht. Nederlands – Zuid-Afrikaanse geschiedenissen.* Amsterdam: Stichting ZASM, 2014. – 85 p. - SAI-Pamfletreeks 8 - ISBN 978-90-74112-32-1.

Nederland heeft een oude band met zuidelijk Afrika. De samenleving die er na 1652 ontstond had een Nederlandse inslag. Maar sinds 1806 beheerde Groot-Brittannië de Kaapkolonie en de Afrikaner Boeren stichtten verder in Afrika eigen republieken. Toen de Transvaalse Boeren in 1881 gewapenderhand hun onafhankelijkheid jegens Groot-Brittannië bevestigden, leidde dat in Nederland tot een brede pro-Boer beweging, die weerklank vond in het Hollanderbeleid van Staatspresident Paul Kruger. Het Transvaalse onderwijs en de ambtenarij kregen een duidelijk Nederlands stempel, terwijl de Nederlandsch Zuid-Afrikaanse Spoorweg-Maatschappij economische modernisering mogelijk maakte. De Nederlanders stonden dan ook pal achter de Boeren in de Anglo-Boerenoorlog 1899-1902 en bleven ook daarna zeer betrokken op Zuid-Afrika, sympatiek en kritisch, in de jaren van heropleving eerst, van de apartheid vervolgens.

Deze bundel biedt twintig opmerkelijke geschiedenissen uit anderhalve eeuw Nederlands - Zuid-Afrikaanse betrekkingen – over bekende en minder Nederlanders en Zuid-Afrikanen, blank en zwart, zoals de kapteins Mokgatle en Kekana, staatspresident Paul Kruger, spoorwegingenieur Breuning, de broers Van Reesema, dominee Spoelstra en meester Van Niekerk, de gebrouilleerde diplomaten Muller en Leyds, bevlogen Betty Conradie en bekrompen Hendrik Verwoerd, en nog een paar handenvol andere. Verhalen, verscholen in de honderden archiefdozen op de zolders van het Zuid-Afrikahuis aan de Amsterdamse Keizersgracht.



Prijs: € 15,00. (excl. verzendkosten)

Te bestellen bij: Zuid-Afrikahuis, Bergerweg 1, 1815 AC Alkmaar. tel. 020-6249318

e-pos: info@zuidafrikahuis.nl

Prof.dr. G.J. Schutte, em.hoogleraar geschiedenis Vrije Universiteit Amsterdam, is

Professor Extraordinarius Geschiedenis, Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria.

[*Professor Schutte is ontvanger van ons Stigting se Silwer Medalje en ere-lid van ons vereniging.]

Ledegeld. Ons tesourier wil graag sy boeke vir die jaar afsluit. Hy vra lede wat nog nie ledegeld van R90 vir die jaar betaal het nie, om dit nie langer uit te stel nie. Lede wat nie kan onthou of hulle betaal het of nie, hoef hom net te bel en te vra. Sy foonnommer verskyn bo-aan elke *Generale Missive*.

E-pos. Nog net vyf van ons lede ontvang *Generale Missive* in gedrukte vorm. Ons doen 'n spesiale beroep om, as hulle enigsins kan, 'n manier te vind om na e-pos toe oor te slaan. Die drukkoste en posgeld het hoog geword.

*Die Voorsitter en Uitvoerende Komitee wens graag al ons lede 'n gelukkige Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar toe.

Behouwe vaert!

D. Sleigh (dr)
REDAKTEUR
12 Desember 2014

e-pos: jean.sleigh@gmail.com